



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**ONTWERP V2**

**PRAKTIESE VRAESTEL**

**18 JULIE–28 OKTOBER 2011**

**PUNTE: 100**

**TYD: LU1: Praktiese prosesse/voorbereiding by die skool en/of tuis [50]  
LU2: Praktiese produk onder gekontroleerde omstandighede SLEGS by die  
skool gedoen, 18 uur [50]**

**LO1 moet gedurende die derde termyn gedoen word.  
LO2 moet gedurende die vierde termyn gedoen word.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 1 bylae.  
Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE dele:

Die eksamenwerkboek/bronboek (LU1) (A3-grootte) [50 punte]  
Die finale praktiese eksamenproduk (LU2) [50 punte]

TOTAAL: 100 PUNTE

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**

**Die vraestel het twee onderwerpe. Kies slegs EEN van die twee.**

1. **OPDRAG/ONDERWERP: Suid-Afrika Vier Fees!**

**Suid-Afrikaanse feeste** bied jou 'n verbysterende verskeidenheid feeste wat onder meer die natuur, duik, walvis-kyk, uitstappies in wingerde en uitspan op die strand insluit. Regoor die land word daar kleurvolle en uitbundige feeste gehou wat strek vanaf musiek- en godsdienstige byeenkomste tot kulturele feeste. Feeste en geleenthede is deel van hierdie uitspattige Reënboognasie en hulle maak voorsiening vir alle smake, van musiek tot 'n verskeidenheid van tradisionele kos.

Party van die gewilde feeste en gebeurtenisse in Suid-Afrika sluit die volgende in:

- Wes-Kaap: Die Prince Albert Dorp- en Olyffees vind elke April in die Swartberg plaas – die streek se beroemde olyf-en-wynfees met 'n kunsuitstalling, biertente, lewendige musiekoptredes, witblits-proe-sessies, handwerk vir kinders, geskiedkundige toere, 'n fietsresies, 'n olyfpit-spoegkompetisie, kookdemonstrasies, 'n middernagtelike spooktoer, stalletjies, kabaret, 'n dans en nog meer.
- Gauteng: Arts Alive, elke September – 'n verbysterende mengsel van dans, visuele kunste, poësie en musiek by plekke in die Johannesburgse middestad met die hoofkonsert by die Johannesburg-stadion en ander vertonings by verskeie plekke in Newtown, insluitende die immer-gewilde Jazz by die Meer op die laaste dag.
- Vrystaat: Macufe Kultuurfees, laat September elke jaar – bied jazz, 'gospel', kwaito, hip hop, R&B, rock en klassieke musiek, sowel as dans, drama, kabaret, musiekteater, poësie, beeldende kunste en tradisionele kuns en kunshandwerk aan.
- Oos-Kaap: Die Grahamstad Nasionale Kunstefees word jaarliks laat in Junie of vroeg in Julie gehou – Suid-Afrika se oudste, grootste en bekendste kunstefees wat elke smaak, van teater, musiek, sang, dans, film en nog baie meer, tevrede stel.
- KwaZulu-Natal: Die Umdwebo Lifestyle Festival word elke jaar in November gehou – vier die beter dinge in die lewe (Umdwebo is isiZulu vir 'om kuns te skep' of 'om iets pragtigs te beklemtoon') en word gekenmerk deur deftige etes, elegante formele geleenthede, kuns en fotografie-uitstallings, opera, klassieke musiek en meer.

- Noordwes: Oppikoppi, gehou in Augustus – vertoon die land se oorspronklike musiek- en komedietalent om te help om baie Suid-Afrikaners se loopbane te vestig, maar dit is nie vir bangbroeke nie.
- Noord-Kaap: Die Gariep Kunstefees, gehou in September elke jaar – 'n indrukwekkende versameling plaaslike musikante, 'n filmfees wat Suid-Afrika se nuwe filmmakers ten toon stel, asook kunsuitstallings en kinderteater.
- Mpumalanga: Die Tonteldoos Perskefees word elke jaar laat in Maart of vroeg in April gehou – bied perskes en amper alles wat van die vrugte gemaak kan word, insluitend perskemampoer.
- Limpopo: Die Ellisras Bosveldfees word elke jaar vroeg in Julie gehou – bestaan uit veeskoue, 'n wildveiling, perdespring, hondeskoue, landbouaktiwiteite, 'n driedag-lange stryd vir die beste 4x4, 'n wildplaas-ekspo, jaggeleenthede, voël- en boomidentifiserings-kompetisies, boerewors en ander tradisionele kosse, 'n biertert en reusekampvure.



Mense in Suid-Afrika wag elke jaar gretig op hierdie feeste, aangesien dit hulle 'n geleentheid bied om van die eise van 'n hedendaagse lewenstyl te ontsnap. Hierdie feeste bied 'n verskeidenheid vermaak wat byval vind by alle lede van die gemeenskap. Die feeste bied aan kunstenaars die geleentheid om kinders te inspireer om aan baie kunsvorme deel te neem en daarin uit te blink.


Skep 'n oorspronklike ontwerp vir enige aspek van 'n fees van jou keuse. Jy kan selfs 'n denkbeeldige fees vir jou area of streek skep. Jy is NIE beperk tot die lys van feeste wat genoem is NIE.

Kies EEN van die volgende kategorieë:

- Kommunikasie-/Inligtingsontwerp
- Handwerk/Ontwerp (basies tweedimensionele ontwerp)
- Handwerk/Ontwerp (basies driedimensionele ontwerp)
- Omgewingsontwerp en Digitale Ontwerp

**OF**

**2. OPDRAG/ONDERWERP: Die Natuur Inspireer**



**Chelsea Blommeskou, bekroonde tentoonstellings in 2010.**



## OMGEWINGSONTWERPE



**Cacoon** deur Jack Menlo by die Chelsea Tuinskou 2010.



**Simbioties ('Simbiotic')**, 'n vertikale groentuinontwerp deur Koocho Jung en Kelly Choi.

## PRODUKONTWERP



**Ontwerp in Bloeisels ('Design in Bloom'),** skoene deur Manolo Blahnik.



**Blom ('Flower'),** sak deur Sasannah Hunter.



**Lasergesnyde Rok** deur Alexander McQueen.



**Chelsea Modevertoning,** geïnspireer deur blomme en loof.




**Gymea Lily-beker**  
deur Maxwell & Williams.




**Splash-doopbakkies**  
deur Akimasa Yamada.



**Blaarswaaie** deur Studio Enea.



**Klawer- ('Clover') stoele of tafels**  
deur Widrig.



**Boomtafel ('Tree Table')** deur Sebastian Errazuriz.



## OPPERVLAKONTWERPE



***Pou ('Peacock')***, mosaïek-ontwerp.



***Bamboes ('Bamboo')***, selfklewende muurpapier.



***Natuurgeïnspireerde ('Nature Inspired')*** muurpapierontwerpe deur Trove.



Die eerste **Chelsea Blommeskou** is in 1862 in Londen gehou en sedertdien het dit die bekendste tuingeleentheid ter wêreld geword. Dit word elke jaar deur meer as 157 000 besoekers bygewoon. Hierdie hooggeagte blommeskou is sinoniem met die uitstal van bekroonde ontwerpe en futuristiese, moderne landskap-ontwerp. Vir baie jare al is dit 'n mededingende platform vir internasionaal erkende bloemiste, tuinboukundiges, landskap- en tuinargitekte om hulle mees kreatiewe bekroonde blomuitstallings ten toon te stel.

Deur die jare het dit vir die organiseerders duidelik geword dat al hoe meer besoekers die skou besoek, nie soseer om die tuinontwerpe te sien nie, maar eerder om die toekomstige moderne ontwerpe vir patiomeubels, kaste wat kamers skei, spieëls, teëls, mosaïek, muurbedekkings, muurpapier, potte, vase, mode-uitrustings, bykomstighede, ensovoorts te sien.

Dit was ook die rede waarom die organiseerders 'n lys van grafiese ontwerpers, oppervlakontwerpers, produkontwerpers en omgewingsontwerpers opgestel het om uitgenooi te word en om ontwerpe, geïnspireer deur die natuur, saam met landskapargitekte en bloemiste te skep. Ontwerpers van regoor die wêreld is uitgenooi om aan die opkomende blommeskou, getiteld *Die Natuur Inspireer*, deel te neem.

Suid-Afrika is al vir baie jare deel van hierdie skou. As 'n verteenwoordiger van Suid-Afrika is jy deur die organiseerders uitgenooi om deel te neem. Hulle opdrag aan Suid-Afrikaanse ontwerpers is om kreatief te wees, om buite die normale te dink, solank hulle finale produk deur die tipiese fauna en flora van Suid-Afrika geïnspireer is. 'n Omgewingsbenadering tot hulle finale produkte is aanbeveel.

Skep 'n oorspronklike ontwerp in EEN van die volgende kategorieë:

- Kommunikasie-/Inligtingsontwerp
- Handwerk/Ontwerp (basies tweedimensionele ontwerp)
- Handwerk/Ontwerp (basies driedimensionele ontwerp)
- Omgewingsontwerp en Digitale Ontwerp

**VEREISTES****DEEL 1****PROSES**

1. Alle proses-/voorbereidingswerk vir jou ontwerp moet in 'n bronboek/werkboek (A3-grootte) getoon word.
2. Dit sal die prosesse vanaf konseptualisering tot realisering behels.
3. Deeglike ondersoek van probleme wat deur die ontwerpdrag opgelewer word, moet getoon word.
4. Die ontwerpproses moet in 'n A3-formaat weergegee word.
5. Die werkboek/bronboek moet in die vorm van 'n album aangebied word (dit wil sê, in boekvorm).
6. Dit moet maklik kan oopmaak en moet bladsye hê wat maklik kan omblaai.
7. Die werkboek/bronboek moet van ligte materiaal gemaak word sodat dit maklik vervoer kan word.
8. Maak seker dat die werkboek professioneel aangebied word.

**LET WEL:**

- Omdat LU1 (voorbereiding) dieselfde puntetoekenning as LU2 (die finale produk) het, moet genoeg tyd daarvoor toegelaat word sodat die belangrikheid daarvan erken sal word.
- Jou onderwyser kan by hierdie voorafgaande voorbereidingsessie betrokke wees.
- Jy mag tuis werk.

**VEREISTES VAN DIE ONTWERPPROSES**

Jy behoort die volgende voor te lê (verwys na die **NSS Ontwerp Eksamenriglyne 2011**):

- Uitdrukking van intensie/bedoeling en beredenering (10)
  - Bewyse van navorsing, eksperimentering en besinning (10)
  - Bewyse van gedetailleerde beplanning en aanbieding wat verband hou met die finale konsep (30)
- [50]**

**DEEL 2****PRODUK**

'n Tweedimensionele ontwerp behoort nie groter as A2-grootte te wees nie.

Die grootte van 'n driedimensionele ontwerp sal afhang van die funksie van die voorwerp wat gemaak word. Hou in gedagte dat die finale produk na 'n sentrale nasiensentrum vervoer sal moet word.

**LET WEL:**

- Jou onderwyser mag jou glad NIE gedurende die finale produksie van die ontwerp help NIE.
- ALLE werk moet onder toesig van die onderwyser by jou skool gedoen word.
- Enige vorm van direkte kopiëring/plagiaat of werk wat nie die kandidaat se oorspronklike werk is nie, sal streng gepeenaliseer word.
- 'n Verklaring van egtheid (BYLAE A) moet deur elke kandidaat en die hooftoesighouer/onderwyser voltooi word.
- Werk moet op 'n deurlopende basis tydens kontaktyd plaasvind, byvoorbeeld gedurende drie agtereenvolgende dae met sessies van 6 uur elk. Dit kan met jou skool onderhandel word.

**KRITERIA VIR DIE ONTWERPPRODUK**

Jy behoort die volgende kriteria te gebruik:

- |   |             |
|---|-------------|
| • Kreatiwiteit/Oorspronklikheid/Interpretasie ten opsigte van die konsep en oplossing(s) wat betrekking het op die opdrag | (10)        |
| • Bewyse van ontwerpbetrokkenheid: Die gepaste gebruik van ontwerpelemente en -beginsels                                  | (10)        |
| • Tegniek/Vakmanskap/Metode   | (10)        |
| • Die ontwerpoplossing behoort bewyse van ten minste 18 uur se werk onder gekontroleerde omstandighede te wys             | (10)        |
| • Professionele aanbieding en funksionaliteit van die finale ontwerpoplossing   | (10)        |
|   | <b>[50]</b> |

**TOTAAL (LU1 EN LU2): 100**



**INSTRUKSIES AAN DIE ONDERWYSER****PRAKTIESE EKSAMEN LU1 (50 PUNTE) EN LU2 (50 PUNTE)**

1. Hierdie praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE dele, LU1 (die eksamenwerkboek/-bronboek, A3-grootte) en LU2 (die finale praktiese eksamenproduk).
2. Hierdie praktiese vraestel moenie voor **Maandag 18 Julie 2011** aan die leerders gegee word nie. Die finale inleweringdatum sal **Vrydag 28 Oktober 2011** wees.
3. Omdat LU1 (voorbereiding) dieselfde puntetoekenning as LU2 (die finale produk) het, moet genoeg tyd daaraan bestee word sodat die belangrikheid daarvan erken sal word.
4. Gevolglik behoort leerders genoeg tyd vir hulle LU1 (voorbereiding) te hê. Die onderwyser mag by hierdie voorafgaande voorbereidingsessie betrokke wees. As gevolg van die voorbereidende aard van LU1, word leerders toegelaat om werk tuis te voltooi.
5. Leerders moet die LU1-werkboek/-bronboek as verwysingspunt gedurende hulle LU2-eksamen gebruik. Beide LU1- en LU2-eksamenwerk moet onmiddellik na voltooiing van die LU2-eksamen aan die eksamenbeampte oorhandig word.
6. Die onderwyser mag NIE die kandidaat tydens die finale produksie van die ontwerpproduk (LU2) help NIE.
7. Enige vorm van direkte kopiëring/plagiaat of werk wat nie die kandidaat se oorspronklike werk is nie, sal streng gepeenaliseer word (GEEN punte).
8. LU2 moet op 'n deurlopende basis tydens kontaktyd plaasvind, byvoorbeeld tydens drie opeenvolgende dae van 6 uur elk. Jou keuse van eksamentydopsies moet met jou skool onderhandel word.
9. LU2 moet by die leerder se eksamensentrum onder toesig van 'n eksamenbeampte plaasvind. LU2-werk mag NIE tuis gedoen word NIE. LU2-werk mag NIE uit die eksamenlokaal verwyder word NIE.
10. Elke provinsie sal die proses betrokke by die nasien van LU1 (werkboek/-bronboek A3) en LU2 (finale produk) bepaal. Skole sal deur die provinsies in kennis gestel word van die datum, tyd en plek vir die inlewering van werk by die eksamensentrums.
11. Die eksamen-LU1 behoort professioneel in 'n A3-werkboek/-bronboek in albumformaat aangebied te word.
12. LU1 en LU2 moet netjies en duidelik benoem word. Skrif moet duidelik en leesbaar wees.

13. Heg BYLAE A vas aan LU1- en LU2-werk.
14. **Moenie LU1 en LU2 (eksamenwerk) met die PAT'e 1, 3 en 5 (jaarwerk) verwar nie.**

### **PAT'e 1, 3 EN 5**

1. Elke provinsie sal die modereringsproses van die eksamen-LU1 (proses/voorbereiding in die werkboek/bronboek) en eksamen-LU2 (finale produk) en PAT'e 1, 3 en 5 bepaal. Skole sal deur die provinsies in kennis gestel word van die datum, tyd en plek vir die moderering van PAT'e 1, 3 en 5 (jaarwerk) en nasien/assessering van die finale eksamenwerk.
2. LU1 moet professioneel in 'n A3-grootte werkboek/bronboek in albumformaat aangebied word.
3. Kandidate wat nie PAT'e 1, 3 en 5 voorlê nie, sal GEEN punte vir hierdie deel van die eksamen ontvang nie.
4. Die volgende prosedure mag deur elke provinsie aangepas word om by hulle eie proses van moderering/assessering van werk aan die einde van die jaar te pas:

'n Voorbeeld van die samestelling van 'n werkboek/bronboek (A3):

- Inhoudsopgawe met leesbare bladsyverwysings
  - Al die LU1's (proses/voorbereiding) moet in die werkboek/bronboek (A3) in chronologiese volgorde geplaas word saam met die onderskeie assesseringstate, byvoorbeeld voltooide assesseringstaat gevolg deur LU1 (proses/voorbereiding) van PAT 1; voltooide assesseringstaat gevolg deur LU1 (proses/voorbereiding) van PAT 3; voltooide assesseringstaat gevolg deur LU1 (proses/voorbereiding) van PAT 5.
5. Elke provinsie sal die proses betrokke by die inlewering en moderering/assessering van LU2 self bepaal. 'n Moontlike voorbeeld:

Die LU2 (finale produk) van PAT'e 1, 3 en 5 behoort as deel van 'n uitstalling aangebied te word, met die betrokke assesseringsblaaie onder of langs elkeen vir moderering.

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

	<b>UITKOMSTE</b>	<b>VEREISTES</b>	<b>GEWIGS-TOEKENNING %</b>	<b>PUNTE</b>
<b>DIE WERKBOEK</b>	<b>LU1</b> Die Ontwerp-proses  <i>Die leerder kan die ontwerpproses vanaf konseptualisering tot realisering verstaan.</i>	Uitdrukking van bedoeling en beredenering	10	50
		Bewyse van navorsing, eksperimentering en besinning	10	
		Bewyse van gedetailleerde beplanning en aanbieding wat verband hou met die finale konsep	30	
<b>DIE FINALE PRODUK</b>	<b>LU2</b> Ontwerp-produksie  <i>Die leerder kan 'n versameling werke in die gekose dissipline(s) produseer en aanbied, wat 'n begrip vir ontwerpvaardighede en produksieprosesse toon.</i>	Kreatiwiteit/Oorspronklikheid/Interpretasie ten opsigte van die konsep en oplossing(s) wat relevant tot die opdrag is	10	50
		Bewyse van ontwerpbetrokkenheid: die gepaste gebruik van ontwerpelemente en -beginsels	10	
		Tegniek/Vakmanskap/Metode	10	
		Die ontwerpoplossing behoort bewyse van ten minste 18 uur se werk onder gekontroleerde omstandighede te toon	10	
		Professionele aanbieding en funksionaliteit van die finale ontwerpoplossing	10	
	<b>TOTAAL</b>			<b>100</b>

**LET WEL:** Onderwysers en nasieners moet na die **NSS Ontwerp Eksamenriglyne 2011** verwys. Hierdie riglyne vervang alle vorige dokumente.



